GENDER EQUALITY IN SADC

THE TIME IS NOW

# DIE SAOG PROTOKOL VIR GELYKHEID VAN GESLAGTE EN ONTWIKKELING

**AANVAAR 17 AUGUSTUS 2008**

***Die SAOG Protokol vir Gelykheid van Geslagte en Ontwikkeling:***

**OMVAT**
alle bindende ooreenkomste en riglyne op streeksvlak sowel as globaal en kontinentaal om gelyke geslagsberegting te bevorder.

**VERSTERK**
die riglyne deur leemtes en tekortkominge reg te stel en spesifieke, meetbare doelwitte te stel waar dit ontbreek.

**BEVORDER**
geslagsgelykheid deur die verantwoordbaarheid van alle SAOG lidlande te verseker en 'n platform te skep vir onderlinge samewerking t.o.v. die beste werkwyses, groepsteun en oorsig.







# OORSIG: PROTOKOL OP GELYKHEID VAN GESLAGTE EN ONTWIKKELING

| HOOF-BEPALINGS | HOE BEÏNVLOED DIT NAMIBIË? |
|---|---|
| **ARTIKEL 4 - 8: KONSTITUSIONELE EN WETLIKE REGTE, TOEGANG TOT DIE REG** | |
| Teen 2015:<br>Alle Konstitusies in die streek moet poog om spesifiek voorsiening te maak vir gelykheid van geslagte en moet verseker dat dit nie weerspreek word deur enige ander bepalings, wetgewing of praktyke nie. Dit sluit ook gelykheid van geslagte binne die huwelik in. | Die Namibiese Konstitusie waarborg gelykheid voor die reg en verbied diskriminasie op gronde van geslag, ras, kleur, etniese oorsprong, geloof, oortuiging of sosiale of ekonomiese status (Artikel 10). |
| **ARTIKEL 9: MENSE WAT MET GESTREMDHEDE LEEF** | |
| ✓ Die basiese regte ten opsigte van die versorging en welsyn van mense wat met gestremdhede leef, moet bevorder en beskerm word. | Namibië het in 2007 ‘n party geword tot die Verenigde Nasies Konvensie op die Regte van Persone met Gestremdhede (en sy Opsionele Protokol).<br>Namibië het ‘n Nasionale Beleid op Gestremdhede in 1997 ontwikkel. Daar bestaan ook ‘n **Wet op die Nasionale Raad vir Gestremdhede, Wet 26 van 2004,** wat voorsiening maak vir die daarstelling van die Raad wat die toepassing van die beleid moet kontroleer en wetgewing te hersien wat persone met gestremdhede beïnvloed. |
| **ARTIKEL 10: DIE REGTE VAN WEDUWEES EN WEWENAARS** | |
| ✓ Behalwe anders bepaal in 'n hofuitspraak, moet weduwees outomaties voogdyskap en toesig oor die kinders kry, asook die reg om in die gesinswoning aan te bly en 'n billike aandeel in die erfporsie van haar gewese eggenoot.<br>✓ 'n Weduwee behou die reg om weer in die huwelik te kan tree met ‘n persoon van haar keuse en die nodige beskerming teen alle vorme van geweld te kan geniet. DiÈ regte is ook op wewenaars van toepassing. | Die **Kinderstatuswet, Wet 6 van 2006**, en die Wet op die Gelykheid van Getroude Persone maak voorsiening vir geslagsneutrale wetsvoorskrifte ten opsigte van die toesighouding en voogdyskap van kinders wat binne en buite die huwelik gebore word, insluitend prosedures vir voogdyskap ná die sterfte van ‘n ouer.<br>Die **Wet op Kommunale Landshervorming, Wet 5 van 2002,** beskerm die regte van weduwees op kommunale gronds-gebruik deur hulle toe te laat om op kommunale grond aan te bly wat aan hul afgestorwe eggenote bemaak was indien hulle dit so verkies, selfs al sou hulle ook later weer in die huwelik tree. (Dieselfde beskerming geld ook ten opsigte van wewenaars.) |
| **ARTIKEL 11: DIE DOGTER EN SEUN AS KIND** | |
| ✓ Die beskerming en ontwikkeling van ‘n kind, hetsy ‘n seun of dogter, insluitende die bïndiging van alle vorme van diskriminasie in die gesin, gemeenskap, instellings en regering, moet deur die nodige beleid, wetgewing en programme gerugsteun word.<br>✓ Afbrekende kulturele opvattings en gebruike moet beïndig word insluitende geweld en arbeidswanpraktyke en uitbuiting. | Op internasionale vlak is Namibië ‘n mede-ondertekenaar van ‘n reeks betekenisvolle ooreenkomste, onder andere: Die Verenigde Nasies Konvensie op die Regte van die Kind (en die Opsionele Protokols); Die Afrika Handves op die Regte en Welsyn van die Kind; en Die Internasionale Arbeidsorganisasie (ILO) Konvensie op die Wreedste Vorme van Kinderarbeid. Ondanks hiervan is Namibië nog nie ‘n ondertekenaar van die Den Haag Konvensie op Inter-landige Aanneming of die Den Haag Konvensie op Internasionale Kinderontvoering nie. |
| **ARTIKEL 12-13 : REGERING (VERTEENWOORDIGING EN DEELNAME)** | |
| ✓ Vroue moet teen 2015 minstens die helfte van alle besluitnemende poste in die private en publieke sektore binne die SAOG bekleë, insluitende die Parlement, Plaaslike Owerhede en die Kabinet.<br>✓ Die doeltreffende deelname van vroue in besluitneming en verkiesingsprosesse moet deur die SAOG lidlande gerugsteun en verseker word deur middel van kapasiteitsuitbouing, die daarstelling en verstewiging van strukture om geslagsgelykheid te bespoedig. | Die bemagtiging van vroue is die beste bereikbaar indien hulle in besluitnemingsprosesse deelneem.<br>Die **Wet op Plaaslike Owerhede, Wet 23 van 1992,** bemagtig Regstellende Aksie ten opsigte van vroue se deelname aan die verkiesings van plaaslike owerhede, en gevolglik het vroue se deelname op plaaslike rade dramaties toegeneem. |
| **ARTIKEL 14: ONDERWYS EN OPLEIDING** | |
| Teen 2015:<br>✓ Moet gelyke toegang tot onderwys en opleiding van gehalte vir vroue en mans van toepassing wees asook t.o.v. hul aanstelling en behoud op alle vlakke van onderwys.<br>✓ Moet geslags-sensitiewe beleidsrigtings en programme reeds in plek wees en wat daarop gemik is om stereotipiese opvattings aan te spreek en geweld teenoor geslag in onderwysintellings in sy geheel uit te roei. | Opvoeding is ‘n kritieke vereiste ten opsigte van die ontwikkeling van vaardighede en die versterking van die nodige kapasiteit om toegang tot regte aan te spreek. Die regering het goeie vordering gemaak om groter balans tussen geslagte in die onderwys van Namibië te bewerkstellig.<br>In 2006 was die skole bywoningsyfer vir kinders tussen die ouderdomme van 9 tot 16 jaar meer as 90%. |

| HOOF-BEPALINGS | HOE BEÏNVLOED DIT NAMIBIË? |
|---|---|
| **ARTIKEL 15-19: PRODUKTIEWE BRONNE EN WERKNEMING, EKONOMIESE BEMAGTIGING** | |
| Teen 2015, sal van regerings verwag word om:<br>✓ Gelyke deelname van vroue en mans in ekonomiese beleidsformulering te verseker en die toepassing daarvan te laat geld. Geslags-beantwoordbare begrogtingsbronne beskikbaar te stel wat die behoeftes van vroue en mans op gelyke grondslag aanspreek. | Vroue se deelname in die arbeidssektor is tans laer as diÈ van mans, en staan dit op 49% teen 60% respektiewelik. Daar kom ook variasies voor wanneer 'n vergelyk getref word tussen indiensneming op die basis van bestaanslone en diÈ wat op die betaling van arbeidslone gegrond is. Studies toon dat 44% van vroulike gesinshoofde van bestaanslandbou afhanklik is en dat slegs 28% 'n bestaan voer uit die betaling van indiensneming op arbeidslone. In teenstelling hiermee, is meer as 50% van die mans afhanklik van arbeidslone en slegs 29% van bestaansboerdery. |
| **ARTIKEL 20-25: GEWELDDADIGHEID TEENOOR GESLAG** | |
| Teen 2015 moet regerings:-<br>✓ Verseker dat die nodige wetgewing aanvaar of van toepassing gemaak word wat alle vorme van geweld wat op geslag gemik is, verbied en dat diegene wat hulself aandadig maak aan sulke vorme van geweld deur toepaslike howe verhoor word.<br>✓ Verseker dat wetgewing teen geweld wat op geslag gemik is, voorsiening maak vir omvattende toetse, behandeling en nasorg vir slagoffers van seksuele misdade. | Meer as een vyfde van alle gewelddadige misdrywe in Namibië kom voor binne die konteks van gesinsverhoudings.<br>Vroue word disproporsioneel deur gesinsgeweld geraak, aldus Namibiese navorsing. Luidens die navorsing word 86% vroue deur gesinsgeweld geraak teenoor slegs 14% mans. Die studie dui ook aan dat mans 93% van die misddrywe pleeg wat verband hou met gesinsgeweld en wat by die polisie aangemeld word.<br>Die **Wet op die Voorkoming van Verkragting, Wet 8 van 2000,** bevat 'n breë geslagsneutrale definisie van verkragting wat 'n reeks seksuele misdrywe beskryf wat onder slinkse "verleidende omstandighede" gepleeg is. |
| **ARTIKEL 26: GESONDHEID** | |
| ✓ Verminder die geboorte sterftesyfer met 75%. | Dit wil voorkom of die geboorte sterftesyfer sedert Onafhanklikheid dramaties gestyg het, vanaf 225/100,000 sterftes per lewendige geboortes in 1992 tot 271/100,000 in 2000 en verder tot 449 sterftes per 100,000 lewendige geboortes gedurende 2006-07. Daar moet egter in gedagte gehou word dat groot onsekerheid bestaan met die inligting aangaande geboorte sterftesyfers en moet dit daarom slegs as 'n aanduiding oorweeg word. |
| **ARTIKEL 27: MIV/vigs** | |
| Teen 2015 word van regerings verwag om:<br>✓ Strategieë te ontwikkel wat geslags- sensitief is en ten doel het om nuwe infeksies te verhoed.<br>✓ Algehele toegang te verseker tot MIV/vigs behandeling vir besmette mans, vroue, seuns en meisies. | In 'n poging om die verspreiding van die MIV/vigs pandemie te bekamp, het die regering 'n reeks planne ontwikkel: die Nasionale MIV/vigs Kontrole Program (1990); die Eerste Medium-Termyn Plan (1999-2004) wat in 1992 geloods is; die Derde Medium-Termyn Plan (2004-2009) wat in 2004 geloods is; en 'n Nasionale MIV-vigsbeleid in 2007. Die Vierde Medium-Termyn Plan word tans deur die land ontwikkel. |
| **ARTIKEL 28: VREDESOPBOUING EN KONFLIK OPLOSSING** | |
| ✓ Teen 2015, moet maatreëls reeds ingestel wees ten opsigte van gelyke verteenwoordiging van vroue in konflik-oplossings en vredesopbouingsprosesse asook vir die integrasie van geslags-perspektiewe in die soeke na oplossings vir konflikte in die streek. | In 2000 het die Verenigde Nasies Veiligheidsraad Resolusie 1325 op Vroue, Vrede en Sekuriteit eenparig goedgekeur, en daarmee erkenning verleen aan die opvatting dat vrede onlosmaaklik verbind is tot geslagsgelykheid tussens mans en vroue. |
| **ARTIKEL 29 - 31: MEDIA, INLIGTING EN KOMMUNIKASIE** | |
| Teen 2015:<br>✓ Sal geslagsgelykheid in alle inligting, kommunikasie en media beleid en wetgewing skerper ingeprent word.<br>Vroue sal gelyke verteenwoordiging geniet op alle gebiede en vlakke van media werksaamhede. | Die Namibiese Konstitusie bepaal dat alle persone die reg het op die vryheid van spraak en hul menings te kan lig, insluitende die vryheid van die pers en ander media (Artikel 21)..<br>Luidens die 2003 Geslagsgelykheid en Media Basislynstudie deur GenderLinks/MISA, verteenwoordig vroue in Namibië slegs 19% van die nuusbronne in die media. |
| **ARTIKEL 32 - 35: IMPLEMENTERING, KONTROLE, EVALUERING** | |
| ✓ Die implementering van die Protokol moet gekontroleer word deur 'n Komitee bestaande uit Ministers van Geslag/Vroue Sake, 'n Komitee van senior beamptes behels met geslags/ vrouesake en die SAOG Sekretariaat.<br>✓ Ontwikkeling van nasionale aksieplanne gebaseer op die Protokol. | Namibie het nie 'n spesifieke meganisme in plek om die implementering van die Protokol te monitor nie.<br>Daar bestaan 'n behoefte tot die konfigurasie en koordinering van die verskeie instrumente wat verband hou met vroue en kinders om die duplikasie van pogings uit te skakel en doeltreffendheid te verbeter. |

## Betekenis van die Geslagsgelykheid Protokol



Die SAOG Protokol vir Gelykheid van Geslagte en Ontwikkeling het die SAOG Deklarasie vir Geslagsgelykheid en Ontwikkeling in betekenisvolheid verhoog tot die mees bindende van die streek se alle organisatoriese instrumente.
Met 30 substantiewe doelwitte ter bereiking van geslagsgelykheid teen die jaar 2015, is hierdie inisiatief uniek op globale vlak, en plaas dit die SAOG op die verskerpende punt van innoverende strategieë wat op streeksvlak betekenis verleen aan globale en kontinentale verbindinge.

## Burgerlike gemeenskapsvriende en ondersteuners van die SAOG Protokol van Gelykheid van Geslagte inisiatief

Die Southern African Gender Protocol Alliance (Alliance)[1], 'n sambreëlligaam van meer as 40 nasionale en streeks geslagsgelykheid nie-regerings organisasies (NGOs) is sedert 2005 met 'n veldtog besig vir die aanvaarding, ratifikasie en implementering van die SAOG Protokol vir Gelykheid van Geslagte.

Die Alliansie werk volgens tematiese groepering wat deur lede gelei word wat ook deel vorm van die Werkskomitee. Die Werkskomitee bestaan uit die volgende organisasies:

- Gender Links – oorkoepelende koördinerende nie-regerings organisasie (NGO); dien ook as die leidende bondel vir Geslagsgebaseerde Geweld.
- Zimbabwe Women Resource Centre and Network - leidende nie-regerings organisasie vir Geslags en Ekonomiese Geregtigheidsbondel.
- Gender Advocacy Programme – leidende nie-regerings organisasie vir die Geslags en Regeringsbondel.
- Gender and Media Network of Southern Africa – leidende nie-regerings organisasie vir die Geslags en Media Bondel.
- SAfAIDS – leidende nie-regerings organisasie vir Gesondheid, Seksuele en Reproduktiewe Regte, asook die MIV-Vigsbondel.
- WLSA – leidende nie-regerings organisasie vir Konstitusionele en Wetlike Regtebondel.

Vir meer inligting kontak: **NANGOF Trust-Namibia Non-Governmental Organisations Forum** P. O. Box 70433, Khomasdal, Windhoek, Namibia, Tel: 264-61-212503 Fax: 264-61-211306 Email: nangof@iway.na
Gender and Media Southern Africa Namibia Chapter-GEMSANaM, Box 50429, Windhoek North, Namibia Tel: 0026461 2882592, Fax: 231626, E-Mail: sxoaguseises@yahoo.com
Legal Assistance Centre, 4 Korner Street, Windhoek P.O.Box 604, Tel: 00264 61-223356 Fax: 0026461 234953 E-mail Info@lac.org.na Website www.lac.org.na
Vir meer inligting: www.genderlinks.org.za; alliance@genderlinks.org.za; Phone: +27 (0)11 622 2877

---

[1] The SADC Gender Protocol Alliance comprises: Association of Local Government (ALAN); African Women's Economic Policy Network (AWEPON); Botswana Council of NGOs (BOCONGO); Christian Council of Mozambique; CIVICUS; Federation of African Media Women (FAMW) – SA; GAP; Gender Links (GL); Gender and Media Southern Africa Network (GEMSA); Gender Policy Program Committee (Botswana); Justice and Peace (Lesotho); Malawi Council of Churches; Media Institute of Southern Africa (MISA); NGO Gender Coordination Network Malawi; SAFAIDS; SAMDI; SALGA; Society for Women and AIDS in Africa Zambia (SWAAZ); Trade Collective; Women in Law and Development in Africa (WILDAF); Women in Law in Southern Africa (WLSA); Women, Land and Water Rights Southern Africa (WLWRSA); Namibia Non-Governmental Forum (NANGOF); Women's Net; Young Women's Christian Association Botswana (YWCA); Zimbabwe Women Lawyers Association; Zimbabwe Women's Resource Centre (ZWRCN). Associate Members: African Women and Child Feature Service; Swedish Cooperative Centre - Southern Africa; Diakonia (Zambia).



2210 GEMINI CONCEPTS: ✆ 083-306-3229